(b) *A Higher Education Diploma (Post-Graduate)* awarded to persons who have completed a post-graduate training course, approved by the committee as a qualification for employment as a teacher at secondary, primary or pre-primary schools.

(c) *A Higher Education Diploma* awarded to persons who have completed a four-year training course, approved by the committee as a qualification for employment as a teacher at secondary, primary or pre-primary schools.

(d) *An Education Diploma* awarded to persons who have completed a three-year training course, approved by the committee as a qualification for employment as a teacher at primary or pre-primary schools.

(e) *A Diploma in Specialised Education* for specialised training which follows on a three-year education diploma.

No. 965 8 June 1973

BUREAU OF HERALDRY

APPLICATION FOR REGISTRATION OR AMENDMENT OF HERALDIC REPRESENTATIONS, NAMES, SPECIAL NAMES OR UNIFORMS AND OBJECTIONS THERETO

[Sections 7A and 7B of the Heraldry Act, 1962 (Act 18 of 1962), as amended]

The undermentioned official or municipal authorities, association institutions or persons have applied in terms of section 7 of the Heraldry Act, 1962 (Act 18 of 1962), for

DEPARTEMENT VAN NASIONALE OPVOEDING

No. 933 8 Junie 1973

AANSTELLING VAN INSPEKTEURS VAN ANATOMIE

Kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 5 (1) (a) van die Anatomiewet, 1959 (Wet 20 van 1959), het die Minister van Nasionale Opvoeding onderstaande Inspekteurs van Anatomie met ingang van 1 Mei 1973 aangestel:

(i) Dr. J. F. Goedhals vir die provinsie Transvaal.

(ii) Dr. J. A. Olivier vir die provinsie Oranje-Vrystaat.

J. P. VAN DER SPUY, Minister van Nasionale Opvoeding.

No. 955 8 Junie 1973

WET OP NASIONALE ONDERWYSBELEID, 1967.— ONDERWYSERSOPLEIDING

Kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 1B (1) van die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, 1967 (Wet 39 van 1967), het die Minister van Nasionale Opvoeding onderstaande beleid wat met ingang van 1 Julie 1973 ten opsigte van onderwysersopleiding gevolg moet word, bepaal:

WOORDOMSKRYWING

1. In hierdie kennisgewing, tensy uit die samehang anders blyk, het enige uitdrukking waaraan daar in die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, 1967, 'n betekenis geheg is, die betekenis wat aldus daaraan geheg is.

BENAMING VAN SERTIFIKATE

2. Die benaming van sertifikate wat aan persone toegeken word om die verwerwing van onderwysbevoegdhede of -kwalifikasies aan te dui, is soos volg:

(a) *Benaming van 'n vierjarige saamgestelde onderwysgerigte Baccalaureusgraad.*—Die benaming van 'n vierjarige saamgestelde onderwysgerigte Baccalaureusgraad wat toegeken word aan persone wat opgelei is om aan sekondêre, primêre of pre-primêre skole onderwys te gee, word aangetoon deur die normale benaming van die graad en die byvoeging van die woord "educationis" tussen hakies bv. *B.A. (Educationis), B.Sc. (Educationis), ens.*

(b) *'n Hoër Onderwysdiploma (Nagraads)* wat toegeken word aan persone na voltooiing van 'n nagraadse opleidingskursus wat deur die Komitee goedgekeur is as 'n kwalifikasie vir indiensneming om onderwys te gee aan sekondêre, primêre of pre-primêre skole.

(c) *'n Hoër Onderwysdiploma* wat toegeken word aan persone na voltooiing van 'n vierjarige opleidingskursus wat deur die komitee goedgekeur is as 'n kwalifikasie vir indiensneming om onderwys te gee aan sekondêre, primêre of pre-primêre skole.

(d) *'n Onderwysdiploma* wat toegeken word aan persone na voltooiing van 'n driejarige opleidingskursus wat deur die komitee goedgekeur is as 'n kwalifikasie vir indiensneming om onderwys te gee aan primêre of pre-primêre skole.

(e) *'n Diploma in Spesialiseringsonderwys* vir gespesialiseerde opleiding wat volg op 'n driejarige onderwysdiploma.

No. 965 8 Junie 1973

BURO VIR HERALDIEK

AANSOEK OM REGISTRASIE OF WYSIGING VAN HERALDIESE VOORSTELLINGS, NAME, SPESIALE NAME OF UNIFORMS EN BESWARE DAARTEEN

[Artikels 7A en 7B van die Heraldiekwet, 1962 (Wet 18 van 1962), soos gewysig]

Ondergenoemde amptelike of munisipale owerhede, verenigings, inrigtings of persone het kragtens artikel 7 van die Heraldiekwet, 1962 (Wet 18 van 1962), aansoek

the registration or amendment of their heraldic representations, names, special names or uniforms. Anyone wishing to object to the registration or amendment of these heraldic representations, names, special names or uniforms on the ground that such a registration or amendment will encroach upon rights to which he is legally entitled, should do so within two months of the date of publication of this notice upon a form obtainable from the State Herald, Private Bag X236, Pretoria.

Applicant.—The Association of Municipal Electricity Undertakings of South Africa. (H4/3/1/2334.)

Arms.—Or, on a fess enhanced indented Azure between in chief five annulets Gules and in base a cog-wheel Azure within three flashes of lightning disposed in triangle point downwards Gules, a barrulet Argent.

Crest.—Issuant from a mural crown Gules, a torch Or enflamed proper.

Mantling.—Or and Azure.

Motto.—FIAT LUX.

Applicant.—Gerard Frater. (H4/3/4/83.)

Arms.—Argent, between nine martlets Gules, three, three and three, two bars Vert each charged with two lozenges Or, each lozenge charged with a roundel Purpure, the whole within a bordure Or, and upon an escutcheon of pretence the arms of Grove, to wit, quarterly, 1st, Argent, a chevron engrailed Gules between three stocks of trees eradicated proper (Grove, Heralds' College, 25 August 1789); 2nd, Argent, on a chevron, between three martlets Gules, three mullets Or (Bayley, H. Coll., 25 August 1789); 3rd, Argent, a scythe, the blade in chief, the sned or handle in bend sinister, on the fess point a fleur-de-lys Sable (Sneyd, Visitations of Stafford, 1566 and 1663/4); 4th, quarterly Argent and Sable, four leopards' faces counter-changed (Ledsham, Visitations of Stafford, 1566); 5th, Argent, three torteaux, each charged with a fleur-de-lys Argent; on a chief Azure, a bugle Or between two pheons of the field (Barrow, Visitations of Stafford, 1566); 6th, Argent, a chevron engrailed lozengy Gules and Purpure, between three cinquefoils of the last (Cook, H. Coll., 21 June 1805).

Crest.—A martlet Gules between two lozenges Or charged as in the arms.

Wreath and mantling.—Argent and Gules.

Motto.—DE ZOETE INVAL.

Applicant.—Mejuffrou Viets-vereniging. (H4/3/1/2344.)

Name.—Die Mejuffrou Viets-vereniging.

Special name.—Mejuffrou Viets.

No. 966 8 June 1973

NOTICE OF THE REGISTRATION OF A HERALDIC REPRESENTATION, NAME, SPECIAL NAME OR UNIFORM

HERALDRY ACT, No. 18 OF 1962

The undermentioned heraldic representations, names, special names or uniforms have been registered or amended with the Bureau of Heraldry, Private Bag X236, Pretoria, in terms of section 8 (3), (8A (5) or 9 (3) of the Heraldry Act, No. 18 of 1962:

H4/3/1/2219.—The arms of the Computer Society of South Africa, published under Government Notice 60 of 12 January 1973.

H4/3/1/2225.—The arms of the Geological Society of South Africa, published under Government Notice 60 of 12 January 1973.

gedoen om die registrasie of wysiging van hulle heraldiese voorstellings, name, spesiale name of uniforms. Enigeen wat teen die registrasie of wysiging van hierdie heraldiese voorstellings, name, spesiale name of uniforms beswaar wil aanteken op grond daarvan dat so 'n registrasie of wysiging inbreuk sal maak op regte wat hom wettiglik toekom, moet dit doen binne twee maande vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing op 'n vorm wat van die Staatsheraldikus, Privaatsak X236, Pretoria, verkrygbaar is.

Aansoeker.—Die Vereniging van Munsipale Elektrisiteitsondernemings van Suid-Afrika. (H4/3/1/2334.)

Wapen.—In goud, 'n verhoogde uitgetande dwarsbalk van blou belaai met 'n versmalde dwarsbalk van silwer, in die skildhoof vergesel van vyf ringe van rooi en in die skildvoet van 'n tandrat van blou binne in drie bliksemstrale van rooi, driehoeksgewys met punt na benede.

Helmteken.—'n Muurkroon van rooi met 'n uitkomende fakkel van goud, gevlam van natuurlike kleur.

Dekklede.—Goud en blou.

Wapenspreuk.—FIAT LUX.

Aansoeker.—Gerard Frater. (H4/3/4/83.)

Wapen.—In silwer, twee dwarsbalke van groen, elk belaai met twee ruite van goud en elke ruit belaai met 'n skyf van pers, vergesel van nege merlette van rooi, drie, drie en drie, die geheel binne-in 'n skildsoom van goud; en op 'n pretensiehartskild die wapen van Grove, te wete, gevierendeel, 1ste, in silwer, 'n uitgeskulpte keper van rooi vergesel van drie uitgerukte boomstompe van natuurlike kleur (Grove, Heralds' College, 25 Augustus 1789); 2de, in silwer, 'n keper van rooi belaai met drie spoorratte van goud en vergesel van drie merlette van rooi (Bayley, H. Coll., 25 Augustus 1789); 3de, in silwer, 'n sens, die lem na bo, die steel skuins links en op die middelpunt 'n fleur de lis van swart (Sneyd, Visitations of Stafford, 1566 en 1663/4); 4de, gevierendeel van silwer en swart, vier luiperdgesigte van die een op die ander (Ledsham, Visitations of Stafford, 1566); 5de, in silwer, drie rooi koeke, elk belaai met 'n fleur de lis van silwer; op 'n blou skildhoof, 'n jaghoring van goud tussen twee pylysters van die veld (Barrow, Visitations of Stafford, 1566); 6de, in silwer, 'n uitgeskulpte keper geruit van rooi en pers, vergesel van drie vyfblaaie van pers (Cook, H. Coll., 21 Junie 1805).

Helmteken.—'n Merlet van rooi tussen twee ruite van goud en belaai soos op die skild.

Wrong en dekklede.—Silwer en rooi.

Wapenspreuk.—DE ZOETE INVAL.

Aansoeker.—Mejuffrou Viets-vereniging. (H4/3/1/2344.)

Naam.—Die Mejuffrou Viets-vereniging.

Spesiale naam.—Mejuffrou Viets.

No. 966 8 Junie 1973

KENNNISGEWING DAT 'N REGISTRASIE VAN 'N HERALDIESE VOORSTELLING, NAAM, SPESIALE NAAM OF UNIFORM GEDOEN IS

HERALDIEKWET, No. 18 VAN 1962

Ondergemelde heraldiese voorstellings, name, spesiale name of uniforms is ingevolge artikel 8 (3), 8A (5) of 9 (3) van die Heraldiekwet, No. 18 van 1962, by die Buro vir Heraldiek, Privaatsak X236, Pretoria, geregistreer of gewysig:

H4/3/1/2219.—Die wapen van die Rekenaarsvereniging van Suid-Afrika, soos by Goewermentskennisgewing 60 van 12 Januarie 1973 gepubliseer.

H4/3/1/2225.—Die wapen van die Geologiese Vereniging van Suid-Afrika, soos by Goewermentskennisgewing 60 van 12 Januarie 1973 gepubliseer.

H4/3/2/217.—The arms of Dendron Health Committee, published under Government Notice 146 of 2 February 1973.

H4/3/2/216.—The arms of the Borough of Mooi River, published under Government Notice 357 of 9 March 1973.

DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER

No. 934 8 June 1973

APPOINTMENT OF ACTING MINISTER

It is hereby notified that the State President has approved of the appointment, with effect from 28 May 1973, of the Honourable B. J. Schoeman as Acting Minister of Defence during the absence from South Africa of the Honourable P. W. Botha.

DEPARTMENT OF PUBLIC WORKS

No. 945 8 June 1973

NOTIFICATION IN TERMS OF SECTION 12 (3) OF THE PROFESSIONAL ENGINEERS' ACT, 1968 (ACT 81 OF 1968)

It is hereby notified in terms of section 12 (3) of the Professional Engineers' Act, 1968 (Act 81 of 1968), that the Minister of Public Works has, by virtue of section 12 (1) (b) (iii) of the said Act, appointed Cecil John Hopewell *vice* Lyell Thomas Campbell-Pitt as a member of the Professional Advisory Committee on Mechanical Engineering for the period ending 13 February 1977.

No. 946 8 June 1973

NOTIFICATION IN TERMS OF SECTION 12 (3) OF THE PROFESSIONAL ENGINEERS' ACT, 1968 (ACT 81 OF 1968)

It is hereby notified, in terms of section 12 (3) of the Professional Engineers' Act, 1968 (Act 81 of 1968), that the Minister of Public Works has, by virtue of section 12 (2) of the said Act, appointed Lyell Thomas Campbell-Pitt alternate to Cecil John Hopewell on the Professional Advisory Committee on Mechanical Engineering for the period ending 13 February 1977.

No. 954 8 June 1973

NOTICE IN TERMS OF SECTION 7 (4) OF THE ARCHITECTS' ACT, 1970 (ACT 35 OF 1970)

Notice is hereby given in terms of section 7 (4) of the Architects' Act, 1970 (Act 35 of 1970), that the Minister of Public Works, by virtue of the power vested in him in terms of section 7 (3) (c) of the said Act, proposes making the provision contained in the Schedule hereto of force and effect within 60 days from the date of publication hereof.

Interested parties are hereby invited to submit any objections to or representations concerning the proposed provision, in writing, to the Secretary for Public Works, Private Bag X65, Pretoria.

SCHEDULE

I, Abraham Hermanus du Plessis, Minister of Public Works, after consideration and approval of a relevant recommendation made by the South African Council for Architects, do hereby, in terms of section 7 (3) (c) of the Architects'Act, 1970 (Act 35 of 1970), prescribed that the following kinds of works in connection with projects, undertakings or services of an architectural nature, set

H4/3/2/217.—Die wapen van die Dendrongesondheidskomitee, soos by Goewermentskennisgewing 146 van 2 Februarie 1973 gepubliseer.

H4/3/2/216.—Die wapen van die munisipaliteit Mooirivier, soos by Goewermentskennisgewing 357 van 9 Maart 1973 gepubliseer.

DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER

No. 934 8 Junie 1973

AANSTELLING VAN WAARNEMENDE MINISTER

Hierby word bekendgemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die aanstelling, met ingang van 28 Mei 1973, van Sy Edele B. J. Schoeman as Waarnemende Minister van Verdediging gedurende die afwesigheid uit Suid-Afrika van Sy Edele P. W. Botha.

DEPARTEMENT VAN OPENBARE WERKE

No. 945 8 Junie 1973

KENNISGEWING INGEVOLGE ARTIKEL 12 (3) VAN DIE WET OP PROFESSIONELE INGENIEURS, 1968 (WET 81 VAN 1968)

Hierby word ingevolge artikel 12 (3) van die Wet op Professionele Ingenieurs, 1968 (Wet 81 van 1968), bekendgemaak dat die Minister van Openbare Werke, kragtens artikel 12 (1) (b) (iii) van die genoemde Wet, Cecil John Hopewell in die plek van Lyell Thomas Campbell-Pitt aangestel het as lid van die Professionele Adviserende Komitee insake Meganiese Ingenieurswese vir die tydperk eindigende 13 Februarie 1977.

No. 946 8 Junie 1973

KENNISGEWING INGEVOLGE ARTIKEL 12 (3) VAN DIE WET OP PROFESSIONELE INGENIEURS, 1968 (WET 81 VAN 1968)

Hierby word ingevolge artikel 12 (3) van die Wet op Professionele Ingenieurs, 1968 (Wet 81 van 1968), bekendgemaak dat die Minister van Openbare Werke, kragtens artikel 12 (2) van genoemde Wet, Lyell Thomas Campbell-Pitt as plaasvervangende lid vir Cecil John Hopewell in die Professionele Adviserende Komitee insake Meganiese Ingenieurswese vir die tydperk eindigende 13 Februarie 1977 aangestel het.

No. 954 8 Junie 1973

KENNISGEWING INGEVOLGE ARTIKEL 7 (4) VAN DIE WET OP ARGITEKTE, 1970 (WET 35 VAN 1970)

Kennisgewing geskied hiermee ingevolge artikel 7 (4) van die Wet op Argitekte, 1970 (Wet 35 van 1970), dat die Minister van Openbare Werke kragtens die bevoegdheid hom verleen ingevolge artikel 7 (3) (c) van genoemde Wet, van voorneme is om die bepaling wat in die Bylae hiervan vervat is, binne 60 dae vanaf die datum van publikasie hiervan voor te skryf.

Belanghebbende persone word hierby versoek om skriftelike besware teen of vertoë aangaande die voorgestelde bepaling voor te lê aan die Sekretaris van Openbare Werke, Privaatsak X65, Pretoria.

BYLAE

Ek, Abraham Hermanus du Plessis, Minister van Openbare Werke, na oorweging en goedkeuring van 'n tersaaklike aanbeveling van die Suid-Afrikaanse Raad vir Argitekte, skryf hierby voor, kragtens artikel 7 (3) (c) van die Wet op Argitekte, 1970 (Wet 35 van 1970), dat die volgende soorte werk in verband met projekte, ondernemings of dienste wat by die argiteksgroep tuishoort en

forth in the Annexure, shall be reserved for architects, namely those which involve investigating, advising, reporting, evaluating, measuring, planning, designing, specifying, directing, commissioning, inspecting or superintending of a degree or standard requiring the skilled application of the principles of architectural design, with particular reference to—

(i) theory of structures;

(ii) buiding science and construction;

(iii) history of architecture;

(iv) building specifications;

(v) professional practice;

(vi) site surveying;

(vii) cost estimates and quantities;

provided that—

(a) nothing herein contained shall prevent any person registered as a quantity surveyor in terms of the Quantity Surveyors' Act, 1970 (Act 36 of 1970), a professional engineer in terms of the Professional Engineers' Act, 1968 (Act 81 of 1968), or a land surveyor in terms of the Land Surveyors' Registration Act, 1950 (Act 14 of 1950), from carrying out such portion of the kinds of work referred to above as is normally associated with the practice of his profession;

(b) nothing herein contained shall prevent any town planner from carrying out such portion of the kinds of work referred to above as is normally associated with the practice of his profession;

(c) subject to his exercising direction and control and subject further to his assuming unconditional responsibility therefor, an architect may be assisted by a person or persons not registered as architects in drawing up plans, specifications or estimates in connection with, and in administering and supervising on, site projects, undertakings or services aforesaid; and

(d) nothing herein contained shall be construed as including the execution, supervision or operation of projects, undertakings or services aforesaid by a contractor, foreman, superintendent, inspector or technician; on condition that the said execution, supervision or operation is done under the general direction of an architect.

ANNEXURE

The kinds of work reserved for architects shall be those which require the skilled application of the principles of architectural design in connection with any building or other structure affixed to the soil and designed for human habitation or use, the plans of which are by law required to be approved by a local authority prior to construction: Provided that the following buildings and structures shall for the purposes hereof be presumed to be exempt from approval by a local authority as aforesaid:

1. *Sea, river and canal works.*—Canals, locks, reservoirs, dams, barrages, docks, jetties, piers, lighthouses.

2. *Air travel works.*—Runways, heliports, hovercraft stations, hangers.

3. *Public services.*—Electricity generating works, hydroelectric works, water towers, pumping stations, sewage disposal works and refuse collection, treatment and disposal works, abattoirs, bridges.

4. *Transport.*—Goods-freight stations, lineside buildings, signal boxes, workshops, repair shops, engine and carriage sheds, underground parking garages.

in die Aanhangsel uiteengesit is, vir argitekte voorbehou moet word, naamlik werk wat ondersoek, advies, verslaggewing, evaluering, meting, beplanning, ontwerp, spesifisering, bestuur, ingebruikneming, inspeksie of toesighouding meebring van 'n gehalte of standaard wat die toepassing van die beginsels van argitektoniese ontwerp op bekwame wyse vereis, met besondere verwysing na—

(i) struktuurleer;

(ii) bouwetenskap en -konstruksie;

(iii) die geskiedenis van argitektuur;

(iv) bouspesifikasies;

(v) beroepspraktyk;

(vi) terreinopname;

(vii) kosteramings en hoeveelhede;

met dien verstande dat—

(a) niks hierin vervat enigeen geregistreer as 'n bourekenaar ingevolge die Wet op Bourekenaars, 1970 (Wet 36 van 1970), as 'n professionele ingenieur ingevolge die Wet op Professionele Ingenieurs, 1968 (Wet 81 van 1968), of as 'n landmeter ingevolge die Landmetersregistrasiewet, 1950 (Wet 14 van 1950), verhinder om dié deel van bogenoemde soorte werk wat normaalweg met die uitoefening van sy beroep geassosieer word, uit te voer nie;

(b) niks hierin vervat 'n stadsbeplanner verhinder om dié deel van bogenoemde soorte werk wat normaalweg met die uitoefening van sy beroep geassosieer word, uit te voer nie;

(c) 'n persoon of persone wat nie as argitekte geregistreer is nie 'n argitek behulpsaam kan wees met die ontwerp van planne, spesifikasies of ramings in verband met die administrasie van en toesig oor bogenoemde projekte op bouterreine, ondernemings of dienste mits genoemde argitek beheer uitoefen en leiding gee en verder ook verantwoordelikheid onvoorwaardelik aanvaar; en

(d) niks hierin vervat vertolk word as sou dit die uitvoering, toesighouding oor of behartiging van bogenoemde projekte, ondernemings of dienste deur 'n aannemer, voorman, superintendent, inspekteur of tegnikus insluit nie: Met dien verstande dat gemelde uitvoering, toesighouding of onderneming onder die algemene leiding van 'n argitek geskied.

AANHANGSEL

Die soorte werk wat vir argitekte voorbehou word, is dié wat die toepassing van die beginsels van argitektoniese ontwerp vereis in verband met enige gebou of ander struktuur wat op die grond aangebring en ontwerp is vir menslike bewoning of gebruik, waarvan die planne ingevolge die Wet deur 'n plaaslike owerheid goedgekeur moet word voordat konstruksiewerk 'n aanvang neem: Met dien verstande dat ondergenoemde geboue en strukture vir die doeleindes hiervan beskou word vrygestel te wees van die goedkeuring van bogenoemde plaaslike owerheid:

1. *See-, rivier- en kanaalwerke.*—Kanale, sluise, opgaardamme, damme, keerdamme, dokke, hawehoofde, piere, lighuise.

2. *Lugreiswerke.*—Landingsbane, helikopterhawens, kussingtuigstasies, vliegtuigloodse.

3. *Openbare dienste.*—Kragstasies, hidroëlektriese werke, watertorings, pompstasies, rioolslykwerke en vuilgoedversamelings-, behandelings- en wegdoenwerke, slagpale brûe.

4. *Vervoer.*—Goederestasies, geboue naby 'n spoorlyn, seinhuisies, werkwinkels, herstelwinkels, lokomotief- en waloodse, ondergrondse parkeergarages.

5. *Industries.*—Factories in proclaimed industrial areas, engineering works, warehouses, storage sheds.

6. *Recreation.*—Swimming pools, grand stands.

7. *Cultural and scientific buildings.*—Planetariums, observatories and meteorological, geophysical and seismographical stations.

8. Any single-storeyed building or structure which is used mainly for domestic purposes: Provided that such building or structure is not part of a housing scheme consisting of more than four units.

9. Any other building or structure not exceeding 300 square metres in area.

5. *Industrieë.*—Fabrieke in geproklameerde industriële gebiede, masjienfabrieke, pakhuise, bewaarloodse.

6. *Ontspanning.*—Swembaddens, paviljoene.

7. *Kultuur- en wetenskaplike geboue.*—Planetariums, sterrewagte en meteorologiese, geofisiese en seismografiese stasies.

8. Enige enkelverdiepingsgebou of -struktuur wat hoofsaaklik vir huishoudelike doeleindes gebruik word: Met dien verstande dat so 'n gebou of struktuur nie deel vorm van 'n behuisingskema wat uit meer as vier eenhede bestaan nie.

9. Enige ander gebou of struktuur met 'n oppervlakte nie groter as 300 vierkante meter.

GENERAL NOTICES

NOTICE 364 OF 1973

DEPARTMENT OF AGRICULTURAL ECONOMICS AND MARKETING

SUBMISSION OF WRITTEN REPRESENTATIONS TO THE COMMISSION OF INQUIRY INTO THE MARKETING ACT, 1968

The Commission of Inquiry into the Marketing Act, 1968, as published by Proclamation 134, dated 30 May 1973, hereby invites interested parties to make representations on behalf of themselves, and/or their affiliations in writing concerning any or all of the terms of reference of the Commission.

Particulars regarding oral representations will be announced later.

Representations must reach the Secretary of the Commission, Private Bag X250, Pretoria, in fifteenfold on or before 31 July 1973.

The terms of reference of the Commission are as follows:

"To inquire into and report upon—

(a) the constitution, powers and functions of the National Marketing Council and the extent to which it can still perform its duties in the changed circumstances, with particular reference to its co-ordinating function;

(b) the extent to which controlled marketing has developed, with reference to the number of marketing schemes as well as the degree of control in terms of individual schemes and the need to simplify control measures;

(c) the desirability and practicability of centralising certain powers and functions of control boards;

(d) the feasibility of joint services by the control boards, with special reference to marketing, sales promotion, research and extension;

(e) the constitution of control boards and the appointment of members to and the number of members of such boards;

(f) the principles which should apply in regard to the collection and utilisation of funds by control boards; and

(g) any other matters in the above regard which it may be found expedient to report upon."

(30 May 1973)

ALGEMENE KENNISGEWINGS

KENNISGEWING 364 VAN 1973

DEPARTEMENT VAN LANDBOU-EKONOMIE EN -BEMARKING

INDIENING VAN SKRIFTELIKE GETUIENIS AAN DIE KOMMISSIE VAN ONDERSOEK NA DIE BEMARKINGSWET, 1968

Die Kommissie van Ondersoek na die Bemarkingswet, 1968, soos aangekondig in Proklamasie 134 in die *Staatskoerant* van 30 Mei 1973, nooi belanghebbendes uit om namens hulleself en/of hulle affiliasies skriftelik vertoë oor enige of al die punte van die Kommissie se opdrag tot hom te rig.

Dit word versoek dat die vertoë in vyftienvoud voor of op 31 Julie 1973 die Sekretaris, Privaatsak X250, Pretoria, bereik.

Besonderhede oor mondelinge getuienis sal later aangekondig word.

Die opdrag van die Kommissie lui:

"Om ondersoek in te stel en verslag te doen oor—

(a) die samestelling, bevoegdhede en werksaamhede van die Nasionale Bemarkingsraad en die mate waarin hy onder die veranderde omstandighede nog sy pligte kan uitvoer, met besondere verwysing na sy koördineringstaak;

(b) die mate waarin beheerde bemarking ontwikkel het, met verwysing na sowel die getal bemarkingskemas as die mate van beheer ingevolge afsonderlike skemas en die behoefte aan die vereenvoudiging van beheermaatreëls;

(c) die wenslikheid en doenlikheid daarvan om sekere bevoegdhede en werksaamhede van beheerrade te sentraliseer;

(d) die moontlikheid van gemeenskaplike dienste deur die beheerrade, met besondere verwysing na bemarking, verkoopsbevordering, navorsing en voorligting;

(e) die samestelling van beheerrade en die aanstelling van lede in en die getal lede van sodanige rade;

(f) die beginsels wat behoort te geld by die insameling en aanwending van fondse deur beheerrade; en

(g) enige ander aangeleenthede in bogemelde verband waaroor dit dienstig gevind word om verslag te doen."

(30 Mei 1973)

NOTICE 365 OF 1973

DEPARTMENT OF DEFENCE

MILITARY TRAINING AND EXERCISES.—KLERCK RIFLE RANGE, EAST LONDON

1. It is hereby notified that a practice shoot seawards from the Klerck Rifle Range, East London, will take place on dates and times as shown hereunder:

Date/Period a	Time b	Type of exercise c
2 July 1973 to 31 December 1973 (excluding Sundays and religious public holidays)	0600–1800 hrs. (6 a.m.–6 p.m.)	Firing practice seawards.

2. The public is warned that it will be dangerous to enter the area as detailed in the Annexure hereto, and the air space up to 2 450 metres immediately above the area during the exercise.

3. All concerned are warned that it will be dangerous to ignore the warnings in terms of this notice, or to ignore any orders or signs of the Commanding Officer or a member of any safety patrols.

4. Any claims for compensation must be submitted to the office of the Officer Commanding, Headquarters, Eastern Province Command, P.O. Box 115, Port Elizabeth, within 30 days after the exercise.

ANNEXURE

The Klerck Rifle Range danger zone is the area bounded by imaginary lines joining the following points:

Latitude	*Longitude*
33° 02′ 45″ South	27° 52′ 00″ East
33° 02′ 45″ South	27° 53′ 00″ East
33° 04′ 30″ South	27° 53′ 00″ East
33° 04′ 30″ South	27° 52′ 00″ East

The area can be roughly described as situated between Fullers Bay and Shelly Beach. It is approximately 2 km wide and stretches southwards for approximately 4 km out to sea.

(8 June 1973)

NOTICE 366 OF 1973

DEPARTMENT OF DEFENCE

MILITARY TRAINING AND EXERCISES, CAPE RECIFE (PORT ELIZABETH)

1. It is hereby notified that a practice shoot seawards from the Cape Recife Rifle Range, Port Elizabeth, will take place on dates and at times as shown hereunder:

Date/Period a	Time b	Type of exercise c
2 July 1973 to 31 December 1973 (excluding Sundays and religious public holidays)	0600–1800 hrs. (6 a.m.–6 p.m.)	Firing practice seawards.

2. The public is warned that it will be dangerous to enter the area as detailed in the Annexure hereto, and the air space up to 2 450 metres immediately above during the exercise.

3. All concerned are warned that it will be dangerous to ignore the warnings in terms of this notice, or to ignore any orders or signs of the Commanding Officer or a member of any safety patrols.

KENNISGEWING 365 VAN 1973

DEPARTEMENT VAN VERDEDIGING

MILITÊRE OPLEIDING EN OEFENING.—KLERCK-SKIETBAAN, OOS-LONDEN

1. Ter inligting word bekendgemaak dat skietoefeninge seewaarts op die datums en tye hieronder vermeld vanaf die Klerckskietbaan, Oos-Londen, uitgevoer sal word:

Datums/Periode a	Tyd b	Aard van oefening c
2 Julie 1973 tot 31 Desember 1973 (uitsluitend Sondae en Godsdienstige openbare vakansiedae)	0600–1800 uur (6 vm.–6 nm.)	Skietoefeninge seewaarts.

2. Die publiek word gewaarsku dat dit gevaarlik sal wees om die gebied in die Bylae hiervan bepaal, en die lugruim tot 2 450 meters onmiddellik daarbo binne te gaan terwyl die skietoefening aan die gang is.

3. Almal word gewaarsku dat dit gevaarlik sal wees om die kennisgewing, kragtens die bepalings hiervan, uitgegee, of die tekens of bevele van die Bevelvoerder of 'n lid van die veiligheidspatrollies te verontagsaam.

4. Enige eis vir skadevergoeding moet by die kantoor van die Bevelvoerder, Hoofkwartier, Kommandement Oostelike Provinsie, Posbus 115, Port Elizabeth, binne 30 dae na die oefening ingedien word.

BYLAE

Die Klerckskietbaan gevaarstrook is 'n gebied wat deur denkbeeldige lyne omgrens word en wat by die volgende punte bymekaar aansluit:

Breedtegraad	*Lengtegraad*
33° 02′ 45″ Suid	27° 52′ 00″ Oos
33° 02′ 45″ Suid	27° 5.′ 00″ Oos
33° 04′ 30″ Suid	27° 53′ 00″ Oos
33° 04′ 30″ Suid	27° 52′ 00″ Oos

Die gebied kan rofweg beskrywe word as geleë tussen Fullers Bay en Shelly Beach. Die gebied is ongeveer 2 km wyd en strek see- en suidwaarts vir ongeveer 4 km.

(8 Junie 1973)

KENNISGEWING 366 VAN 1973

DEPARTEMENT VAN VERDEDIGING

MILITÊRE OPLEIDING EN OEFENINGE, KAAP RECIFE (PORT ELIZABETH)

1. Ter inligting word bekendgemaak dat skietoefeninge seewaarts op die datums en tye hieronder vermeld vanaf die Kaap Recifeskietbaan, Port Elizabeth, uitgevoer sal word:

Datums/Periode a	Tyd b	Aard van oefening c
2 Julie 1973 tot 31 Desember 1973 (uitsluitend Sondae en Godsdienstige openbare vakansiedae)	0600–1800 uur (6 vm.–6 nm.)	Skietoefeninge seewaarts.

2. Die publiek word gewaarsku dat dit gevaarlik sal wees om die gebied in die Bylae hiervan bepaal, en die lugruim tot 2 450 meters onmiddellik daarbo, binne te gaan terwyl die skietoefening aan die gang is.

3. Almal word gewaarsku dat dit gevaarlik sal wees om die kennisgewing, kragtens die bepalings hiervan uitgegee, of die tekens of bevele van die Bevelvoerder of 'n lid van veiligheidspatrollies te verontagsaam.

4. Any claims for compensation must be submitted to the office of the Officer Commanding, Headquarters, Eastern Province Command, P.O. Box 115, Port Elizabeth, within 30 days after the exercise.

ANNEXURE

The Cape Recife Rifle Range danger zone is the area bounded by imaginary lines joining the following points:

Latitude	*Longitude*
34° 01′ 00″ South	25° 39′ 00″ East
34° 01′ 00″ South	25° 40′ 00″ East
34° 03′ 00″ South	25° 40′ 00″ East
34° 03′ 00″ South	25° 39′ 00″ East

The area is known as Shelly Bay. The portion concerned is approximately two kilometres wide and stretches southwards for approximately 4 km out to sea.

(8 June 1973)

NOTICE 367 OF 1973

CUSTOMS AND EXCISE TARIFF APPLICATIONS.—LIST 592

The following applications concerning the Customs and Excise Tariff have been received by the Board of Trade and Industries. Any objections to or comments on these representations must be submitted to the Board of Trade and Industries, Private Bag X342, Pretoria, within four weeks of the date of this notice.

Increase in the duty on:

1. Paper and paperboard coated with zinc oxide, classifiable under tariff subheading 48.07.50, from free of duty to 25 per cent *ad valorem*. [BTI Ref. T5/2/10/2/1 (B206/72).]

Applicant:

Ozalid South Africa (Pty) Ltd, P.O. Box 7926, Johannesburg.

2. Core drilling machines, classifiable under tariff subheading 84.23.90, from free of duty to 25 per cent *ad valorem*. [BTI Ref. T5/2/16/2/1 (B282/72).]

Applicant:

Joy Manufacturing Co. Africa (Pty) Ltd, P.O. Box 4070, Johannesburg.

3. Ice cube making machines and equipment, classifiable under tariff subheading 84.15.90, from free of duty to 35 per cent *ad valorem*. [BTI Ref. T5/2/16/2/8 (B358/72).]

Applicant:

Icemaster (Pty) Ltd, P.O. Box 3972, Johannesburg.

4. (i) Cutting tools tipped with tungsten carbide for machine tools for working metal or metal carbides, from 17 per cent *ad valorem* (general), 15 per cent *ad valorem* (m.f.n.) and 12 per cent *ad valorem* (United Kingdom) to 45 per cent *ad valorem* (general), 43 per cent *ad valorem* (m.f.n.) and 40 per cent *ad valorem* (United Kingdom); and

(ii) tungsten carbide tips for cutting tools for use with machine tools for working metal or metal carbides, from 15 per cent *ad valorem* to 40 per cent *ad valorem*. [BTI Ref. T5/2/15/6/1 (B299/72).]

Applicants:

Pilot Tools (Pty) Ltd, P.O. Box 25629, Denver, Johannesburg.

Powder Industries (Pty) Ltd, P.O. Box 85, Belgravia.

Carbide Diamond Industries (Pty) Ltd, P.O. Box 2938, Cape Town.

Hard Metal Tools (Pty) Ltd, P.O. Box 86, Isando.

5. Bearing housings incorporating single self-aligning sealed ball bearing units with an inside diameter or bore not exceeding 40 mm, from free of duty to 60c each. [BTI Ref. T5/2/16/2/4 (B9/73).]

4. Enige eis vir skadevergoeding moet by die kantoor van die Bevelvoerder, Hoofkwartier, Kommandement Oostelike Provinsie, Posbus 115, Port Elizabeth, binne 30 dae na die oefening ingedien word.

BYLAE

Die Kaap Recifeskietbaangevaarstrook is 'n gebied wat deur denkbeeldige lyne omgrens word en wat by die volgende punte bymekaar aansluit:

Breedtegraad	*Lengtegraad*
34° 01′ 00″ Suid	25° 39′ 00″ Oos
34° 01′ 00″ Suid	25° 40′ 00″ Oos
34° 03′ 00″ Suid	25° 40′ 00″ Oos
34° 03′ 00″ Suid	25° 39′ 00″ Oos

Die gebied is bekend as Shelly Bay. Die gebied betrokke is ongeveer twee kilometers breed en strek seewaarts in 'n suidelike rigting ongeveer 4 km.

(8 Junie 1973)

KENNISGEWING 367 VAN 1973

DOEANE- EN AKSYNSTARIEFAANSOEKE.—LYS 592

Onderstaande aansoeke betreffende die Doeane- en Aksynstarief is deur die Raad van Handel en Nywerheid ontvang. Enige besware teen of kommentaar op hierdie vertoë moet binne vier weke na die datum van hierdie kennisgewing aan die Raad van Handel en Nywerheid, Privaatsak X342, Pretoria, gerig word.

Verhoging van die reg op:

1. Papier en papierbord met sinkoksied bestryk, indeelbaar by tariefsubpos 48.07.50, van vry van reg tot 25 persent *ad valorem*. [RHN-verw. T5/2/10/2/1 (B206/72).]

Applikant:

Ozalid Suid-Afrika (Edms.) Bpk., Posbus 7926, Johannesburg.

2. Kernboormasjiene, indeelbaar by tariefsubpos 84.23.90, van vry van reg tot 25 persent *ad valorem*. (RHN-verw. T5/2/16/2/1 (B282/72).]

Applikant:

Joy Manufacturing Co. Africa (Pty) Ltd, Posbus 4070, Johannesburg.

3. Ysblokkievervaardigingsmasjiene en -toerusting, indeelbaar by tariefsubpos 84.15.90, van vry van reg tot 35 persent *ad valorem*. [RHN-verw. T5/2/16/2/8 (B358/72).]

Applikant:

Icemaster (Pty) Ltd, Posbus 3972, Johannesburg.

4. (i) Snygereedskap met wolframkarbiedpunte vir masjiengereedskap vir die bewerking van metaal of metaalkarbiede, van 17 persent *ad valorem* (algemeen), 15 persent *ad valorem* (m.b.n.) en 12 persent *ad valorem* (Verenigde Koninkryk) tot 45 persent *ad valorem* (algemeen), 43 persent *ad valorem* (m.b.n.) en 40 persent *ad valorem* (Verenigde Koninkryk); en

(ii) wolframkarbiedpunte vir snygereedskap vir gebruik met masjiengereedskap vir die bewerking van metaal of metaalkarbiede, van 15 persent *ad valorem* tot 40 persent *ad valorem*. [RHN-verw. T5/2/15/6/1 (B299/72).]

Applikante:

Pilot Tools (Pty) Ltd, Posbus 25629, Denver, Johannesburg.

Powder Industries (Pty) Ltd, Posbus 85, Belgravia.

Carbide Diamond Industries (Pty) Ltd, Posbus 2938, Kaapstad.

Hard Metal Tools (Pty) Ltd, Posbus 86, Isando.

5. Laeromhulsels wat enkelselfrigverseëlde koeëllaereenhede met 'n binnedeursnee of boormaat van hoogstens 40 mm inkorporeer, van vry van reg tot 60c elk. [RNH-verw. T5/2/16/2/4 (B9/73).]

Applicant:

The SKF Ball Bearing Co. (Pty) Ltd, P.O. Box 157, Witfield, Transvaal.

6. (a) (i) Codeine alkaloid and its salts, esters and derivatives, from 10 per cent *ad valorem* to 25 per cent *ad valorem* or R280 per kg less 50 per cent of the f.o.b. price; and

(ii) analgesics with a basis of codeine alkaloid and its salts, esters and derivatives, from the existing duties to 25 per cent *ad valorem* or R280 per kg less 50 per cent of the f.o.b. price;

(b) (i) morphine and its salts, esters and derivatives from 10 per cent *ad valorem* to 25 per cent *ad valorem* or R320 per kg less 50 per cent of the f.o.b. price; and

(ii) analgesics with a basis of morphine and its salts, esters and derivatives, from the existing duties to 25 per cent *ad valorem* or R320 per kg less 50 per cent of the f.o.b. price;

(c) (i) ethylmorphine hydrochloride and its salts, esters and derivatives, from 10 per cent *ad valorem* to 25 per cent *ad valorem* or R320 per kg less 50 per cent of the f.o.b. price; and

(ii) analgesics with a basis of ethylmorphine hydrochloride and its salts, esters and derivatives, from the existing duties to 25 per cent *ad valorem* or R320 per kg less 50 per cent of the f.o.b. price;

(d) (i) pholcodine and its salts, esters and derivatives, from 10 per cent *ad valorem* to 25 per cent *ad valorem* or R450 per kg less 50 per cent of the f.o.b. price; and

(ii) analgesics with a basis of pholcodine and its salts, esters and derivatives, from the existing duties to 25 per cent *ad valorem* or R450 per kg less 50 per cent of the f.o.b. price; and

(e) (i) papaveretum and its salts, esters and derivatives, from 10 per cent *ad valorem* to 25 per cent *ad valorem* or R300 per kg less 50 per cent of the f.o.b. price; and

(ii) analgesics with a basis of papaveretum and its salts, esters and derivatives, from the existing duties to 25 per cent *ad valorem* or R300 per kg less 50 per cent of the f.o.b. price. [BTI Ref. T5/2/6/2/4 (B344/72).]

Applicant:

Fine Chemicals Corporation (Pty) Ltd, P.O. Box 44, Howard Place, Cape.

Note.—This application supersedes the application published under General Notice 235, List 586, in *Gazette* 3826 of 30 March 1973.

7. Cranes, mounted on a motor vehicle type chassis, classifiable under tariff subheading 87.03.30, from 7 per cent *ad valorem* to 20 per cent *ad valorem.* [BTI Ref. T5/2/16/2/1 (B29/73).]

Applicant:

Galion (Pty) Ltd, P.O. Box 14043, Wadeville, Transvaal.

Reduction in the duty on:

Photographic plates and film in the flat, sensitised, unexposed, classifiable under tariff subheading 37.01.90, from 15 per cent *ad valorem* (general) and 5 per cent *ad valorem* (m.f.n.) to 5 per cent *ad valorem.* [BTI Ref. T5/2/6/6/1 (C25/73).]

Applicant:

Photo Agencies (Pty) Ltd, P.O. Box 3916, Johannesburg.

Rebate of the duty on:

1. Pentane, hexabromo dodecane, laurel mercaptan, technical white oil and lauric diethanolamide, for the manufacture of synthetic resins and artificial plastics. [BTI Ref. T5/2/7/2/4 (D53/73).]

Applikant:

The SKF Ball Bearing Co. (Pty) Ltd, Posbus 157, Witfield, Transvaal.

6. (a) (i) Kodeïenalkaloïed en soute, esters en derivate daarvan, van 10 persent *ad valorem* tot 25 persent *ad valorem* of R280 per kg min 50 persent van die prys v.a.b.; en

(ii) analgetika met 'n basis van kodeïenalkaloïed en soute, esters en derivate daarvan, van die bestaande regte tot 25 persent *ad valorem* of R280 per kg min 50 persent van die prys v.a.b.;

(b) (i) morfien en soute, esters en derivate daarvan, van 10 persent *ad valorem* tot 25 persent *ad valorem* of R320 per kg min 50 persent van die prys v.a.b.; en

(ii) analgetika met 'n basis van morfien en soute, esters en derivate daarvan, van die bestaande regte tot 25 persent *ad valorem* of R320 per kg min 50 persent van die prys v.a.b.;

(c) (i) etielmorfienhidrochloried en soute, esters en derivate daarvan, van 10 persent *ad valorem* tot 25 persent *ad valorem* of R320 per kg min 50 persent van die prys v.a.b.; en

(ii) analgetika met 'n basis van etielmorfienhidrochloried en soute, esters en derivate daarvan, van die bestaande regte tot 25 persent *ad valorem* of R320 per kg min 50 persent van die prys v.a.b.;

(d) (i) folkodien en soute, esters en derivate daarvan, van 10 persent *ad valorem* tot 25 persent *ad valorem* of R450 per kg min 50 persent van die prys v.a.b.; en

(ii) analgetika met 'n basis van folkodien en soute, esters en derivate daarvan, van die bestaande regte tot 25 persent *ad valorem* of R450 per kg min 50 persent van die prys v.a.b.; en

(e) (i) papaweretum en soute, esters en derivate daarvan, van 10 persent *ad valorem* tot 25 persent *ad valorem* of R300 per kg min 50 persent van die prys v.a.b.; en

(ii) analgetika met 'n basis van papaweretum en soute, esters en derivate daarvan, van die bestaande regte tot 25 persent *ad valorem* of R300 per kg min 50 persent van die prys v.a.b. [RHN-verw. T5/2/6/2/4 (B344/72).]

Applikant:

Fine Chemicals Corporation (Edms.) Bpk., Posbus 44, Howard Place, Kaap.

Opmerking.—Hierdie aansoek vervang die aansoek wat onder Algemene Kennisgewing 235, Lys 586, in *Staatskoerant* 3826 van 30 Maart 1973 gepubliseer is.

7. Hyskrane, gemonteer op 'n motorvoertuigtipe chassis, indeelbaar by tariefsubpos 87.03.30, van 7 persent *ad valorem* tot 20 persent *ad valorem.* [RHN-verw. T5/2/16/2/1 (B29/73).]

Applikant:

Galion (Pty) Ltd, Posbus 14043, Wadeville, Transvaal.

Verlaging van die reg op:

Fotografiese plate en plaatfilm, gevoelig, onbelig, indeelbaar by tariefsubpos 37.01.90, van 15 persent *ad valorem* (algemeen) en 5 persent *ad valorem* (m.b.n.) tot 5 persent *ad valorem.* [RHN-verw. T5/2/6/6/1 (C25/73).]

Applikant:

Photo Agencies (Pty) Ltd, Posbus 3916, Johannesburg.

Korting van die reg op:

1. Pentaan, heksabroomdodekaan, lourielmerkaptaan, tegniese witolie en louriendiëtanolamied, vir die vervaardiging van sintetiese harse en kunsplastieke. [RHN-verw. T5/2/7/2/4 (D53/73).]

Applicant:

Styrochem (Pty) Ltd, P.O. Box 767, Germiston.

2. Vinyl acetate polymers and copolymers, liquid, and cellulose aceto propionate powder, for the manufacture of sensitised and drafting films. [BTI Ref. T5/2/7/2/1 (D49/73).]

Applicant:

Ozalid South Africa (Pty) Ltd, P.O. Box 7926, Johannesburg.

For List 591 see General Notice 327, dated 18 May 1973.

(8 June 1973)

Applikant:

Styrochem (Edms.) Bpk., Posbus 767, Germiston.

2. Vinielasetaatpolimere en -kopolimere, vloeistof, en sellulose-asetopropionaatpoeier, vir die vervaardiging van gevoelige en tekenfilm. [RHN-verw. T5/2/7/2/1 (D49/73).]

Applikant:

Ozalid Suid-Afrika (Edms.) Bpk., Posbus 7926, Johannesburg.

Kyk Algemene Kennisgewing 327 van 18 Mei 1973 vir Lys 591.

(8 Junie 1973)

NOTICE 368 OF 1973

STERKFONTEIN DAM, DISTRICT OF HARRISMITH, O.F.S.

It is hereby notified that, as a result of the building of the Sterkfontein Dam, District of Harrismith, O.F.S., it is necessary to remove and re-enter the remains of persons buried on the farm Stratherrick 186.

As it is not possible to identify certain of the graves, any person who by virtue of kinship with the deceased is interested in the matter, or who may be of assistance in the identification of the graves without tombstones, is hereby requested to communicate with the Resident Engineer, Department of Water Affairs, P.O. Harrismith, within one month of the date of publication of this notice.

(8 June 1973)

KENNISGEWING 368 VAN 1973

STERKFONTEINDAM, DISTRIK HARRISMITH O.V.S.

Hierby word bekendgemaak dat dit as gevolg van die bou van die Sterkfonteindam, distrik Harrismith, O.V.S., nodig is om die stoflike oorskot van persone wat op die plaas Stratherrick 186, begrawe is, te verwyder en te herbegrawe.

Aangesien dit nie moontlik is om sekere grafte te identifiseer nie, word enigeen wat vanweë verwantskap met die oorledenes belang het by die aangeleentheid, of wat behulpsaam kan wees met die identifisering van die grafte wat nie grafstene het nie, versoek om binne een maand na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing met die Plaaslike Ingenieur, Departement van Waterwese, Pk. Harrismith, in verbinding te tree.

(8 Junie 1973)

NOTICE 369 OF 1973

DEPARTMENT OF STATISTICS

The Secretary for Statistics notifies for general information that the Consumer Price Index for April 1973, is as follows:

CONSUMER PRICE INDEX, ALL ITEMS
Base: April 1970 = 100

Area	Index
1. Cape Town	122,5
2. Port Elizabeth	124,4
3. East London	122,4
4. Kimberley	119,2
5. Pietermaritzburg	122,6
6. Durban	122,5
7. Pretoria	122,9
8. Witwatersrand	122,4
9. Bloemfontein	121,0
10. Vaal Triangle	119,1
11. O.F.S. Goldfields	119,2
Weighted average of the 11 areas	122,3

Explanatory Notes

The Consumer Price Indexes do not permit of inter-urban comparisons of price levels or cost of living. They do not indicate whether it is more expensive to live in one city than another. The indexes show for each urban area independently of any of the other urban areas the changes in prices which have taken place from time to time.

(8 June 1973)

KENNISGEWING 369 VAN 1973

DEPARTEMENT VAN STATISTIEK

Die Sekretaris van Statistiek maak vir algemene inligting bekend dat die Verbruikersprysindeks vir April 1973 soos volg is:

VERBRUIKERSPRYSINDEKS, ALLE ITEMS
Basis: April 1970 = 100

Gebied	Indeks
1. Kaapstad	122,5
2. Port Elizabeth	124,4
3. Oos-Londen	122,4
4. Kimberley	119,2
5. Pietermaritzburg	122,6
6. Durban	122,5
7. Pretoria	122,9
8. Witwatersrand	122,4
9. Bloemfontein	121,0
10. Vaaldriehoek	119,1
11. O.V.S. goudvelde	119,2
Beswaarde gemiddelde van die 11 gebiede	122,3

Verduidelikende Opmerkings

Die Verbruikersprysindekse laat nie tussenstedelike vergelyking van pryspeil of lewenskoste toe nie. Die indekse toon nie of dit duurder is om in een stad as 'n ander te woon nie. Die indekse toon vir elke stedelike gebied onafhanklik van die ander stedelike gebiede die prysveranderings wat van tyd tot tyd plaasgevind het.

(8 Junie 1973)

NOTICE 370 OF 1973

COMMUNITY DEVELOPMENT ACT, 1966 (ACT 3 OF 1966)

NOTICE IN TERMS OF REGULATION 3 (3) OF THE REGULATIONS AS PUBLISHED IN GOVERNMENT NOTICE R. 1247 DATED 19 AUGUST 1966

Notice is hereby given that—

(a) the lists of affected properties in respect of the Indian and Coloured group areas as defined in the Schedule to Proclamation 283 of 1972 have been compiled in terms of section 29 of the Community Development Act, 1966 (Act 3 of 1966);

(b) details regarding the properties included in the lists can be obtained from the office of the Regional Representitive, Department of Community Development, Room 607, Sanlam Buildings, Church Street, Pietermaritzburg;

(c) all owners of properties included in the lists and all holders of bonds registered over such properties and any other interested parties are hereby called upon to lodge with the Community Development Board in writing any objection they may have to the inclusion of such properties in the said list together with their reasons within 21 days of the date of publication hereof.

C. V.D. B. PEROLD, Regional Representative, Pietermaritzburg.

Private Bag X9045
Pietermaritzburg

KENNISGEWING 370 VAN 1973

WET OP GEMEENSKAPSONTWIKKELING, 1966 (WET 3 VAN 1966)

KENNISGEWING INGEVOLGE REGULASIE 3 (3) VAN DIE REGULASIES SOOS AFGEKONDIG BY GOEWERMENTSKENNISGEWING R. 1247 VAN 19 AUGUSTUS 1966

Kennisgewing geskied hiermee dat—

(a) die lyste van geaffekteerde eiendomme vir die Indiër- en Kleurlinggroepsgebied en omskryf in die Bylae tot Proklamasie 283 van 1972 opgestel is kragtens artikel 29 van die Wet op Gemeenskapsontwikkeling, 1966 (Wet 3 van 1966);

(b) besonderhede aangaande eiendomme wat in die lyste opgeneem is, kan verkry word van die kantoor van die Streekverteenwoordiger, Departement van Gemeenskapsbou, Kamer 607, Sanlamgebou, Kerkstraat, Pietermaritzburg;

(c) alle eienaars van sodanige eiendomme en alle houers van geregistreerde verbande daaroor en enige ander belanghebbendes word hiermee aangesê om indien hulle enige besware het teen sodanige insluiting van die eiendom in die lys, hulle skriftelike besware met vermelding van die gronde van beswaar binne 21 dae van die datum van hierdie kennisgewing by die Gemeenskapsontwikkelingsraad in te dien.

C. V.D. B. PEROLD, Streeksverteenwoordiger, Pietermaritzburg.

Privaatsak X9045
Pietermaritzburg

NOTICE 372 OF 1973

DEPARTMENT OF INLAND REVENUE

CONSCIENCE MONEY

The receipt of the following amount, sent anonymously to the Receiver of Revenue, Durban, is hereby acknowledged:

Date of receipt	*Amount*
10 May 1973	R2,00

(8 June 1973)

KENNISGEWING 372 VAN 1973

DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE INKOMSTE

GEWETENSGELD

Hierby word die ontvangs erken van die volgende bedrag wat anoniem aan die Ontvanger van Inkomste, Durban, gestuur is:

Datum van ontvangs	*Bedrag*
10 Mei 1973	R2,00

(8 Junie 1973)

NOTICE 373 OF 1973

The following notice is published for general information:

Surveyor-General
Surveyor-General's Office
Pretoria

